13 JUNIE 2025

# Die Aliwal Weekblad

FREE

*HIER VIR DIE GEMEENSKAP / HERE FOR THE COMMUNITY*

## ‘N BIBBERENDE SPROKIES WÊRELD


MINETTE HATTINGH


MINETTE HATTINGH


LADY GREY - MINETTE HATTINGH


ZELMARIE STEYN - ROUXVILLE


ZELMARIE STEYN


MINETTE HATTINGH


TUSSEN LADY GREY & ALIWAL-NOORD


MALUTI BERGE - SUENETTE KOTZE


ZASTRON - SUENETTE KOTZE


SUENETTE KOTZE



SUENETTE KOTZE




RACHELLE JELINEK


RACHELLE JELINEK




SMITHFIELD - JOHAN SMITH



# KENNISGEWING

**INSOLVENTE BOEDEL:**
**ANTONIE MICHAEL PRINSLOO - I.D.: 741107 5003 08 9**

**Volwasse Siviele Ingenieur van Aliwal Noord wie ten tye van Sekwestrasie die geregistreerde eienaar van die volgende Eiendomme :**
**Oorblywende omvang Porsie 1 Weltevreden Nr 117; Oorblywende Porsie 2 Zuur Vlakte Nr 121, Porsie 3 Zuur Vlakte 121, Porsie 2 Riet Vallei Nr 111 en Porsie 3 Riet Vallei 111, Drakensberg Streeksraad. Wie met Cindy Angelique Prinsloo (Nee¨Paul) – I.D. 860313 033 08 0, Buite Gemeenskap van Goedere getroud is.**

**MEESTER SE VERWYSSINGSNR.: E 000014 / 2020**

**KENNISGEWING DAT REKENING TER INSAE LE**

Ingevolge artikel 108(2) van die Insolvensiewet, Nr. 24 van 1936, soos gewysig, geskied kennisgewing hiermee dat 'n **VYFDE en FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIE-REKENING** vir alle skuldeisers van die Boedel in die kantore van die Meester van die Oos-Kaap Hoogeregshof, Makhanda (Grahamstad) en die Landros Kantoor Aliwal Noord (Malatswai) vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf **Vrydag, 13 Junie 2025,** ter insae lê

**Gary SHROSBREE**
**& Musa NTSIBANDE**
**GESAMENTLIKE KURATORS**
**SHROSBREE TRUSTEES**

# NOTICE

**INSOLVENT ESTATE:**
**ANTONIE MICHAEL PRINSLOO - I.D.: 741107 5003 08 9**

**Adult male Civil Engineer of Aliwal North who at the time of Sequestration was the registered owner of the following Properties:**
**Remaining extent Portion 1 Weltevreden No117; Remaining extent Portion 2 Zuur Vlakte No 121, Portion 3 Zuur Vlakte 121, Portion 2 Riet Vallei No 111 and Portion 3 Riet Vallei 111, Drakensberg Regional Council. Married out of Community of Property to Cindy Angelique Prinsloo (Nee: PAUL) I.D. 860313 0033 08 0.**

**MASTER'S REF. NO.: E 000014 / 2020**

**NOTICE OF ACCOUNT LYING FOR INSPECTION**

Pursuant to Section 108(2) of the Insolvency Act No. 24 of 1936, as Amended, notice is hereby given that the **Fifth & Final LIQUIDATION and DISTRIBUTION ACCOUNT** will lie open for inspection by the Creditors of the Estate at the offices of the Master of the Eastern Cape High Court, Makhanda (Grahamstown) and the office of the Magistrate Aliwal North (Malatswai) for a period of fourteen (14) days as from **Friday, 13 JUNE 2025**

**Gary SHROSBREE**
**& Musa NTSIBANDE**
**JOINT TRUSTEES**
**SHROSBREE TRUSTEES.**

WALTER SISULU
LOCAL MUNICIPALITY
*Botho Humanity Ubuntu*

**PUBLIC NOTICE: 105/2024/25**

APPROVAL OF THE FINAL INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN 2025/2026 AND ANNUAL BUDGET 2025/2026

Notice is hereby given in terms of Section 25(4) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) and Section 22 of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) that 2025/2026 Final IDP and 2025/2026 Budget have been approved by Council on Tuesday, 10th June 2025 at 11 h00 in the Special Council Meeting held in Council Chamber, Burgersdorp.

These documents are accessible on the municipal website: www.wslm.qov.za and hard copies are available at: Walter Sisulu Local Municipality Offices and Municipal Libraries (Burgersdorp, Maletswai, James-Calata, Steynsburg and Venterstad

Enquiries in this regard can be directed to the Director Planning and Economic Development (Mr M Tikana) at masonwabe.tikana@wslm.qov.za and or the Chief Financial Officer (Ms T Kahl - • I at tembisa.sikolo@wslm.gov.za.

*- issued by:* **KHAYALETU GASHI - MUNICIPAL MANAGER -**

**WALTER SISULU LOCAL MUNICIPALITY**

Swish Swish, psst psst ... wanna know a secret ... our mad scientist has been brewing and steaming ... and something great is coming your way soon!

Stay alert Aliwal North ... it’s coming your way!



# Psalm 77 – Onthou bietjie wat God vir jou gedoen het

Hoeveel slapelose nagte het jy al gehad waar jy alles bevraagteken het? Dalk is jy gelukkig en het net 'n paar gehad, dalk is jy ongelukkig en het al ontelbares gehad. Wel, vandag se teks praat dan met jou en met my. Ons sien hier hoe die skrywer geen rus vir sy siel kan kry nie en dan, ewe skielik, raak hy aan die slaap. So, hoe kry hy dit reg?

Alhoewel ons nie presies weet waardeur die skrywer van hierdie Psalm gaan nie, weet ons wel dit moes moeilik gewees het. Verder kry ons 'n duideliker prentjie van wat die skrywer gedoen het om van sy probleme ontslae te raak. Verse 2–4 wys vir ons dat hy, soos enige gelowige, sy probleme aan God opdra. Ons glo en weet mos dat God ons altyd kan help, die skrywer glo dit ook, maar wat gebeur toe hy met God praat? Ons lees dat dit voel asof God niks doen nie. In sy groot tyd van nood sien die skrywer nêrens vir God se helpende hand nie. Klink dit dalk bekend vir jou? Voel jy ook soms asof God jou ignoreer?

Die Psalm skrywer neem dit nog 'n stappie verder. Nie net voel hy dat God hom verlaat het nie, hy glo selfs dat God hierdie slegte tye oor sy pad gestuur het. In verse 5–10 lees ons nie net sy aanklag teen God nie, maar ons sien werklik hoe verlate hy voel. Die skrywer praat net in die eerste persoon; hy skryf: *"Ek dink…", "U laat my…", "As ek so…"*. Nie net voel hy eensaam nie, maar hy glo dis God wat hom straf en alleen laat. Hy sê dis God wat hom wakker laat lê; hy glo dis God wat hom verstoot; hy glo God het verander, en dat God se genade weg is.

Vers 11 is dan eintlik 'n draaipunt in die Psalm, want daar lees ons uiteindelik wat die skrywer regtig pla. Ja, sy probleme hier op aarde pla hom, maar sy grootste probleem is dat hy dink God het verander. Hy voel dat die God wat hy as kind leer ken het, nie meer soos daardie beeld is nie. Julle sien, as gelowige sou hierdie skrywer grootgeword het met stories van God. Dink aan jou eie lewe: hoeveel keer het jy al gehoor hoe iemand God se lof besing? Hoeveel keer het jy al in preke gesit waar daar gesê word dat God goed is en altyd daar vir jou sal wees?

Dit laat ons agter met 'n klomp vrae wat soos die Psalm skrywer sin klink. Maar soos die skrywer terugdink, gebeur daar iets besonders. Soos ons in verse 12–16 lees, begin hy onthou wie God werklik is. Hy onthou die eienskappe van God wat hy geleer het en in die stories oor God gehoor het. Dit kom tot 'n klimaks wanneer hy so duidelik onthou wat God deur Moses gedoen het om die volk uit Egipte te bevry. Dis asof hy dit weer voor hom sien gebeur in verse 17–21. Dis asof die skrywer onthou het: selfs toe die volk die verste van God af gevoel het *(tydens slawerny in Egipte)* het God steeds aan hulle gedink en steeds verlossing gebring. Dít is wat die Psalm skrywer uiteindelik tot rus gebring het, die wete dat God nog altyd daar was, en dus weer daar sal wees.

So ek vra jou vandag: dink bietjie terug aan wat God al alles vir jou gedoen het in jou tye van nood, en weet dat, net soos God jou toe gehelp het, sal Hy jou weer help.











# HIGH SCHOOL ALIWAL NORTH
# ALWAL-NOORD HOËRSKOOL

## ANHS VS HOËR VOLKSKOOL — NETBALL RESULTS

| ANHS | VS | HOËR VOLKSKOOL |
|---|---|---|
| U/14A | LOST | 19-17 |
| U/16A | WON | 34-9 |
| 2ND | WON | 29-6 |
| 1ST | WON | 40-17 |






## ANHS VS HOËR VOLKSKOOL — RUGBY RESULTS

| ANHS | VS | HOËR VOLKSKOOL |
|---|---|---|
| U/14A | DRAW | 22-22 |
| U/15A | LOST | 41-3 |
| U/16A | LOST | 14-7 |
| 1ST | LOST | 57-0 |






## ANHS VS HOËR VOLKSKOOL — HOCKEY RESULTS

| ANHS | VS | HOËR VOLKSKOOL |
|---|---|---|
| 3RD | LOST | 2-0 |
| 3RD | LOST | 8-0 |
| 2ND | LOST | 7-0 |
| 1ST GIRLS | LOST | 6-0 |






# HIGH SCHOOL ALIWAL NORTH
# ALWAL-NOORD HOËRSKOOL

**On Friday, 06 June 2025, our Cross Country athletes went to Bloemfontein and they performed very well again. Cathrine van Aardt did a 6km race in 26:58 minutes and Rama Akatchi ran the 2 kilometre race in 15:52. We are very proud of our athletes.**




ALIWAL NORTH
PrivateTestingStation

113 Somerset Street Aliwal North
(next to Nkosi Sikeleli School)

Tel: 051 633 4182 Cell: 072 642 8889
E-Mail: testingstation@aliwalnorth.net

WE OFFER THE FOLLOWING SERVICES:

- ROADWORTHY CERTIFICATES: VEHICLES, TRUCKS, TRAILERS AND TRACTORS
- PRE-TEST
- SUSPENSION TEST
- ON-SITE ROADWORTHY
- DATA DOT

CARD FACILITIES NOW AVAILABLE

DataDot




# ZASTRON GEKOMBINEERDE SKOOL NUUS

**Baie sterkte aan die Vrystaat Platteland spelers wat gaan kragte meet in Leeudoring stad!**















































*Vrystaat Platteland*

DIE O/11 VRYSTAAT PLATTELAND SPAN HET DEELGENEEM IN LEEUDORINGSTAD.

BRAYDEN LISHER IS AANGEWYS AS DIE MAN VAN DIE WEDSTRYD. BAIE GELUK!










# ZASTRON GEKOMBINEERDE SKOOL NUUS


























**Die graad 1 - 4 leerders het na ń vertoning van die Mooiste Monsters, wat deur die Zastron ATKV- tak georganiseer is, gekyk. Zassies het dit baie geniet!**














# ZASTRON GEKOMBINEERDE SKOOL NUUS

## Ons skoolgrond spierwit met die eerste sneeu wat val vir die winter!
















# Riverside LODGE
## PUB & GRILL

# WEEKLY SPECIALS
*Rustic Riverside Flavor*

**MONDAY - R99**
PRIME WAGYU OLD SCHOOL BURGER & CHIPS
PRIME WAGYU — Authentic. Juicy. Unforgettable — WAGYU

**TUESDAY - R89**
PORK CHOPS & MASH
Grilled to perfection, full of flavour.

**WEDNESDAY – R89**
CHICKEN SCHNITZEL & MASH with a sauce or your choice
Crispy. Golden. Delicious.

**THURSDAY - R139**
STEAK, EGG & CHIPS
The ultimate comfort classic.

**NEW SIDE OPTION:**
SWAP YOUR SIDE FOR PAP & SHEBO
A bold local twist.

Call: 051 633 3682
WhatsApp: 079 224 8841
Email: info@rside.co.za
RSide
www.riversidelodgeallwainorth.co.za

# Plaashuis te Huur

Slegs 3 km buite dorp op Rouxville-teerpad
Beleef rustige plaaslewe met moderne leefruimte net buite die dorp!
Die huis bied:
·4 ruim slaapkamers
·2 badkamers
·Groot stoep én binnebraaikamer
·Oopplan kombuis, eetkamer en sitkamer
·Aparte opwasarea
·Enkelmotorhuis
·Enkel afdak
·Buitestoep met braai-area

·Voorafbetaalde elektrisiteit (prepaid)
· Water ingesluit by huur.

Troeteldiere: Geen katte toegelaat. Maksimum van 2 kleinras hondjies.

Huurprys: R9500 per maand
Deposito: 1 maand se huur betaalbaar voor intrek.

**Dadelik beskikbaar**

Besigtigings op afspraak. Kontak ons vandag nog vir meer inligting!
0824933702 (slegs whatsapp).



# Riverside LODGE
## PUB & GRILL

# FATHER'S DAY SPECIAL
15 JUNE

# FEAST OF THE DAY
Prime Wagyu wors, juicy pork chop,
finger-lickin' chicken wings,
pap & shebo to scoop it up




**R149**

For the meat-loving man
with an appetite for adventure

Call: 051 633 3682
WhatsApp: 079 224 8841
Email: info@rside.co.za
RSide
www.riversidelodgealtvalnorth.co.za

# POSTNET Stationery

## Attention all Schools and Businesses!

**DID YOU KNOW?**
Did you know here at Postnet Aliwal North we offer accounts to all businesses and schools.

✅ Fast • Reliable • Affordable

**For Schools:**
- Exam & Document Printing
- Binding & Laminating
- Certificates & IDs
- And many more!

**For Businesses:**
- Flyers & Business Cards
- Courier & Shipping Services
- Invoice & Receipt Books
- And mony more!

**Visit Us Today!**
PostNet, Aliwal North, Corner of Hunt Somerset Street
**Tel:** 051 110 1233 / **Whatsapp:** 076 837 5062

# STOLEN STOCK RECOVERED IN THE UGIE AREA

**Ugie, 30 May 2025 :** Members from the the Stock Theft and Endangered Species unit continues efforts to prevent and detect stolen stock yield successful in the Ugie area.

On the 28th of May 2025, the Khowa (Elliot) Stock Theft unit received information of 14 sheep that was intercepted by the SANDF working in the area and the community.

The suspects ran away and the SAPS followed the information up and found the sheep to the value of R25 500-00 close to St Augustine area in the forest. In a second unrelated case during the same day the members also followed up information on 10 sheep kept in a rondavel in the Mpikone administration area.

The sheep to the value of R18 000-00 were recovered.

In both the cases the sheep were handed back to the lawful owners that could identify the animals by their brand marks.

The Joe Gqabi District Commissioner Major General Lindelwa Vellem thanked the members for the recovery of the stolen stock that could be handed over to the lawful owners.

*~ Enquiries Capt Ursula Roelofse, 082 7797109.*











**Sop Projek 28 Junie 2025 (Saterdag)**



**Die winter is so te sê hier. Daar is baie mense wat swaar kry. Kom ons maak weereens 'n verskil in ons dorp.**

**Ons wil graag droë sop bestandele verpak en dit net so droog uitdeel. Dit kan dan later by die huis self gaar gemaak word. Tot 4 mense kan met so 'n sop pakkie gevul word. Ons vertrou op die manier kan ons meer mense bereik as slegs die een persoon wat in die tou kom staan het. Ons benodig op die stadium hoofsaaklik droeë beesvleis blokkies en sop poeier pakkies. Wanneer ons genoeg bestandele het sal ons vra vir hulp om die bestandele te verpak. Datums sal later bekend gemaak word. Stuur asb jou nommer indien jy bereid is om te help. Ons sal dan op Saterdag 28 Junie 2025 om 9:00 by die NG Kerk bymekaar kom en van daar af uitbeweeg na geïdentifiseerde plekke waar die nood groot is.**

**Vir enige vrae kontak gerus Yolanda v Niekerk 082 5775 491 of Elize Schulze 0827200572**

Jesaja 58:10 en as julle jammer is vir 'n mens wat honger is en swaarkry, en julle gee vir hom genoeg kos om te eet, dan sal julle lig hê in die donker.



# 14 SLAUGHTERED LAMBS FOUND IN A VEHICLE

**Maletswai, 29 May 2025 :** The continues efforts of SAPS members, to prevent and detect stolen stock , yield positive results during an intelligence driven operation. During the month of May 2025, a continuous trend was identified where sheep were being slaughtered in large numbers in the Badkop area. During an intelligence driven operation members from Crime Intelligence, the K9 Dog unit and Public Order Policing, identified a suspected vehicle that they pulled off as it entered Aliwal North from the Burgersdorp direction. As the members searched the white Toyota Corolla vehicle the information came up as positive and 14 slaughtered lambs and two blood stained knives were found inside the vehicle and confiscated . The three suspects aged 29, 30 and 43 years old was arrested and will appear before the Aliwal North Magistrate Court on the charge of possession of stock or produce suspec-ted to be stolen. The Joe Gqabi District Commissioner, Major General Lindelwa Vellem thanked the members for the excellent team work and quick response that made the successfull arrests and confiscations possible.

*~Enquiries Capt Ursula Roelofse, 082 7797109.*




# NGQAYI DETECTIVES ARREST SUSPECTS WITH UNLICENSED FIREARM AND AMMUNITION

**Ngqayi,29 May 2025:** Ngqayi (KatKop) detectives managed to arrest two suspects in unrelated cases on the 28th of May 2025 for the possession of unlicensed firearms and ammunition.

In the first incident the members followed up on information at Magedla Locality where the identified premises was searched and a firearm with ammunition was found of which the license could not be produced.

The 65 year old suspect was arrested and the 9mm pistol was confiscated.

In the second incident a premises at the same locality was also searched and a firearm, a 9mm pistol with ammunition was found of which the license was also not available.

The 67 year old suspect was arrested and the 9mm firearm and ammunition was confiscated.

The firearms will be sent for ballistic testing for possible linkage to crimes in the Ngqayi area.

The suspects will appear before the Mount Fletcher Magistrate Court on the charges of possession of unlicensed firearms and ammunition.

The Joe Gqabi District Commissioner Major General Lindelwa Vellem applauded the detectives on the arrests and confiscations of the unlicensed firearms and ammunition before it could be used for any other criminal conduct.


*~Enquiries Capt Ursula Roelofse, 082 7797109.*




**Springs Area Residential Property To Let**

Rooms to let with private bathroom for each room. Bachelors Flat to rent.
**For any queries please contact Isandri: 082 065 8405**

**Town Commercial Properties:**
Offices to let in town centre at traffic light - Old Mutual Building - across from Pick n Pay & Dorans Pharmacy.
**For any queries please contact:**
Pippi: 051 633 2498
Heinrich: 082 762 6548
Office: 051 633 2498


JUNE WINTER SPECIAL
GET 15% DISCOUNT WHEN YOU DO A FACIAL WITH YOUR NAILS
Prices
Gel overlay and Removal & Facial:
Now R340 Was R400
Gel overlay and facial:
Now R323 Was R380
VALID FOR 16 JUNE UNTIL 30 JUNE
Essie's Salon
26 B Spyker Street
Aliwal North
0765789627


To Do List
FOCUS
WORK HARD
BE CREATIVE
OPEN YOUR MIND
SPREAD POSITIVITY
STAY AWAY FROM DRAMA
ENJOY THE LITTLE THINGS
PUT IN 100% EFFORT
TAKE CHANCES
SMILE MORE
BREATHE
FLIPANDSTYLE


KAASBURGER & SKYFIES
20 Junie 2025 | 11:00 - 14:00
Huis van der Horst Saal
Vir Bestellings : 051 633 2231
Sluitingsdatum : 18 Junie 2025
R60.00 elk
Aflewering is ook beskikbaar!


HOUSE OF PRAYER ALIWAL NORTH
HOUSE OF PRAYER
ALIWAL NORTH
MARKET
BURNETT STREET DAY
FOOD AND DRINK STALLS
CRAFTED ITEM STALLS
FREE CHILDREN ENTERTAINMENT
28 JUNE 2025
09:00
9AM
BURNETT STREET
30°42'23.9"S
26°42'58.5"E


IZUNIS
ELECTRICAL
Electrical & General Contracting
42 CATHCART STREET, ALIWAL NORTH
083 543 1921
SOLAR GEYSERS GATE MOTORS PUMPS COC DRAINS GEYSERS SWIMMING POOLS
APPLIANCES PLUMBING IRRIGATION AC UNITS INSTALLATION PIVOTS REFRIGERATION
izunis@lantic.net


5 reasons to join Rotary
ROTARY INTERNATIONAL
Personal growth
Community engagement
Professional networking
Friendship
International opportunities


# BUSINESS OF THE WEEK





Vangeli Kolpanis


George Kolpanis





## KOULPANIS TECHNICAL SERVICES

***Koulpanis Technical Services: Electrical – Air Conditioning – Refrigeration***, het begin in 2017 met slegs twee (2) tegnikuste, een in die elektriese afdelingen een in die verkoeling afdeling, 2 voertuie, 'n paar stukke gereedskap en hope kennis. Sonder enige kliënte basis, het ons die bul by die horings gepak en een ding was verseker, hiervan wil ons 'n groot sukses maak!

Die persoon by wie George Koulpanis (eienaar) destyds sy opleiding gedoen het in Oos-Londen, het gehoor ons het ons eie besigheid begin en het toe vir ons werk gegee om namens hom te doen by 'n kettingwinkel in die area. Dit was vir ons 'n groot vorreg om dit te kon doen. Ons het stadig maar seker na die werk, nog kliënte bygekry, verloor en ook weer nuwe kliënte bygekry. Die dae van laat aand sit en die admin werk van die dag inhaal, oor ons nie 'n kantoordame kon bekostig nie, lê nog vlak in ons geheue.

In 2023 het Vangeli Koulpanis (eienaar) en sy familie besluit om te emigreer, waarna die elektriese deel van die besigheid weggeval het. Maar ... ons spesialiseer steeds in verkoeling, wat insluit vries- en koelkamers, kommersiële en huishoudelike ys- en vrieskaste asook lugverkoeling. Ons kan alle bogenoemde eenhede verskaf, installeer, herstel en diens. Ons kan ook ander kommersiële en huishoudelike toestelle *(wasmasjiene, mikrogolwe, stowe ens)* herstel. Ons is gebaseer in Aliwal-Noord, maar ons dienste strek sover as Colesberg, Barkly-Oos en Molteno insluitend Zastron, Smithfield, Rouxville, Sterkspruit en Lady-Grey.

Ons kan met trots en dankbaarheid terugkyk en besef dat die gemeenskap ons gedra het tot waar ons vandag is. Ons sien uit om nog lank van diens te wees in die area. Vir die van julle wat vir George goed kan, julle sal kan getuig dat, met top kennis, vriendelike en flinke diens, ontvang jy as't ware *"service with a smile"* elke keer.


Ons kan gekontak word vir kwotasies op herstelwerk of nuwe eenhede en julle kan selfs kom inloer by ons winkel, Bankstraat 11, Aliwal-Noord.

Ons hou basiese parte aan vir herstelwerk aan verkoelingseenhede, asook 'n paar basiese elektriese benodighede. Ons het ook waterpyp toebehore in voorraad. Maar met alles, indien ons dit nie in voorraad het nie, kan ons dit bestel.

Ons sien uit om van julle te hoor en goeie dienste te lewer vir julle!

Kontak ons gerus op: ktstechserv8@gmail.com
Whats App of Oproep: 066 471 7144











13 JUNIE 2025

# Die Aliwal Weekblad FREE







# BUFFELS DRAF OOR UNIVERSALS MET OORTUIGEND SEGE VAN 31–9

Die Aliwal-Noord Buffels het Saterdag, 07 Junie 2025, 'n indrukwekkende vertoning gelewer toe hulle die Universals van Colesberg, op hul tuisveld met 31–09 geklop het. In wat 'n strawwe en fisieke wedstryd was, het beide spanne met groot toewyding en passie gespeel. Die Buffels het vinnig hul teenwoordigheid op die veld laat geld toe Shaun Snyman, reeds in die eerste minuut en 38 sekondes oor die doellyn gegaan het. Ongelukkig is die drie nie toegeken nie, aangesien die skeidsregter 'n voorentoe-aangee bevind het. Kort daarna het Ray Fincham die Buffels se eerste geldige drie gedruk. Alhoewel die doelskop gemis is, het die Buffels 05–0 voorgeloop. Die Universals het egter nie teruggestaan nie en het drie suksesvolle strafskoppe deur die pale gestuur, wat hul telling tot 9 punte verhoog het. Die Buffels het vinnig gereageer met 'n pragtige drie deur Shaun Snyman, gevolg deur 'n suksesvolle doelskop deur Geor Hoffman, wat die Buffels weer in die voortou geplaas het met 12–09.Ongelukkig het 'n dramatiese wending plaasgevind toe Snyman ernstig beseer is en van die veld verwyder moes word met 'n ambulans. Sy afwesigheid het egter nie die Buffels se gees gebreek nie. Die span het hul fokus herwin en Jacques van Tonder het nog 'n drie gedruk, hoewel die doelskop gemis is. Die rustydtelling het gestaan op 17–09 in die Buffels se guns. Die tweede helfte het met hernieude intensiteit afgeskop. Hoffman het vroeg in die helfte nog 'n drie vir die Buffels aangeteken en dit self tussen die pale deur geskop, 'n volle sewe punte. Later in die wedstryd het Fincham met 'n merkwaardige individuele poging die bal in die lug gevang, deur die verdediging gebreek en nog 'n drie gedruk. Hoffman het weer met die doelskop geslaag.

Die eind-fluitjie het die Buffels se oor-winning van 31–09 bevestig, 'n kragtige en verdienstelike sege. Die Buffels wil graag Shaun Snyman sterkte toewens met sy herstel. Die span het hierdie liga twee sleutelspelers verloor, Shaun Snyman en Johan van Niekerk en bedank hulle vir hul waardevolle bydrae. Hulle sal altyd onthou word vir hul toewyding en uitmuntende spel. Na 'n welverdiende rusnaweek sal die Buffels op 21 Junie 2025, weer aksie sien wanneer hulle teen Gariep te staan kom, dié keer op Gariep se tuisveld.

Die Buffels is ook trots om hul nuwe borg, *The Shakey Shop*, aan te kondig. 'n Groot dankie aan al ons borge julle ondersteuning beteken alles!

